DIE HOËRSKOOL MENLOPARK · EXCELSA PETAMUS · SEDERT 1963

# menlo-insig

Insig 10/2026– 18 Maart 2026




## Beste Menlo

Die reis na die kruin van 2026 is bykans kwartpad. Met die vakansie in die vooruitsig reflekteer ons met dankbaarheid op die hoogtepunte wat die jaar reeds opgelewer het. Terwyl ons, as Menlo-familie, vorentoe beur om die berg te tem, staar baie van ons ook ons eie berge in die gesig.

Dit is dikwels so dat die egtheid van 'n klimmer se karakter in die skadu van die lewe se mees uitdagende pieke getoets word. Dano Swart, 'n sport-man wat sy reis met 'n rystoel aandurf, het ons vandeesweek met die geskenk van perspektief bederf deur sy inspirerende verhaal met die skool te deel. 'n Lewensveranderende sportbesering in 2019 het 'n skynbaar onoorkomelike berg op Dano se pad geplaas. Sy verhaal is egter nie een van nederlaag of moedverloor nie, maar van onwrikbare geloof en vasberadenheid.

Terwyl ons na die vakansie uitsien en vir 'n oomblik asemskep, is ons opnuut daaraan herinner dat ons nie beheer het oor die berge wat oor ons pad kom nie. Ons kan egter die gesindheid kies waarmee ons die lewe se steil bulte aandurf.

Excelsa Petamus

Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie. Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie. Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare. Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie. Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd.

**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**PSALM 121**

# KOMMUNIKASIE

## Skool sluit

Die skool sluit op Donderdag, 26 Maart 2026 om 14:00.

Die skool open op Woensdag, 8 April 2026.

## Rapporte

Rapporte sal op 27 Maart 2026 op Ed-admin beskikbaar wees.
Klik op u kind se profielfoto.
Kies Report Card.

## Toetsrooster: Kwartaal 2

Die toetsrooster is op Ed-admin beskikbaar.
Kies Documents—Parents—Akademie.

## Openbare vakansiedae: 27 April & 1 Mei

28, 29 en 30 April is gewone skooldae.
Assesserings en buitekurrikulêre aktiwiteite gaan voort soos wat dit in die Werkplan geskeduleer is.

## Siektetoetse

Die skool bevestig die reëlings rondom siektetoetse:

Assesserings wat op 'n Maandag, Dinsdag of Woensdag as gevolg van siekte misgeloop word, word die daaropvolgende Maandag afgelê.
Assesserings wat op 'n Donderdag of Vrydag as gevolg van siekte misgeloop word, word die daaropvolgende Woensdag afgelê.
**Siektetoetse word voor skool afgelê.**
Leerders mag slegs 'n siektetoets aflê indien 'n doktersbrief ontvang is.
Doktersbriewe word per e-pos aan vakonderwysers en klasvoogde gestuur.
Personeel se kontakbesonderhede is op die webblad beskikbaar.

## Wintereksamenrooster

Die wintereksamenrooster sal voor die einde van die kwartaal op Ed-admin beskikbaar wees.

# KOMMUNIKASIE

## Ekstra klasse: Wiskunde en Wetenskap

Die rooster is op Ed-admin beskikbaar.
Documents—Parents—Akademie—Ekstra klasse.

## Ed-admin

Menlo-kode: 599 649.
Daar verskyn gereeld nuwe inligting op die toepassing.
Kyk gerus onder Documents—Parents.

Die skool se gedragskode is op Ed-admin beskikbaar.


## Menlo-ouers wat omgee

**Menlo-ma's wat bid**
Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer.
Kontak: 082 579 4968
Volg gerus die skakel na die WhatsApp-groep.

**Menlo-pa's wat bid (Watchmen)**
Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis.
Kontak: 082 457 6526

## Reünies

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **20 Maart** | 20 jaar | 2006 | **10 April** | 60 jaar | 1966 |
| **17 April** | 50 jaar | 1976 | **22 Mei** | 10 jaar | 2016 |
| **7 Augustus** | 30 jaar | 1996 | **21 Augustus** | 40 jaar | 1986 |
| **18 September** | Groepreünie: 1971, 1981, 1983, 1991, 2001, 2011 & 2021 | | | | |




## Menlo-mediasentrum

### The Upside of Falling

Alex Light

A fun, flirty teen debut about a fake relationship that starts to feel real.

Seventeen-year-old Becca Hart hasn't believed in true love for years. But when her former best friend teases her about never having had a boyfriend, she impulsively lies and says she's secretly dating someone.

Brett Wells, the popular captain of the football team, overhears the lie and offers to pretend to be her boyfriend. The arrangement works perfectly at first: Becca can keep up her story, and Brett can stop people from asking about his love life.

But pretending to be the perfect couple isn't easy — especially when they barely know each other. As they spend more time together, the line between what's fake and what's real begins to blur.

## Brokkies Menlo-geskiedenis

Met die wintersportseisoen op die horison, dink ons terug aan 1988 — die jaar toe dr. Carel van der Merwe die hokkieklubhuis ingewy het. Danksy die hokkieouers se fondsinsamelings, staan hierdie baken vandag nog as die trotse hart van Menlo-hokkie!



## Afrikaans 101: Het jy geweet?

Daar verskyn geen leesteken (komma of punt) ná die aanhef óf groet in 'n brief of e-pos nie.

Goeiedag Karel

Groete
Sarel

(Bron: VIVA-taalwenk)

# AMFI-HOOGTEPUNTE

## Pi-dag

Stehan Serfontein (gr. 11) is as die skool se onbetwiste pi-koning gekroon nadat hy honderde syfers van pi korrek kon opnoem.



## Gemeenskapsbetrokkenheid

BL-lede van omliggende laerskole is verlede week na 'n amfi-opening en aktuele gesprek oor die toekoms van onderwys in Pretoria, genooi. Die gaste het die pi-dag-aksie saam met die skool beleef en 'n voorsmakie van Menlo-gees gekry.

Welkom in ons midde!



## Omgee

Dano Swart, 'n inspirerende jong man met 'n unieke verhaal van vasberadenheid en hoop, het sy hart Maandag met die skool gedeel. Dano is deur Frans-Hendrik Badenhorst en Rickus Strydom van die Beyond Barriers Foundation vergesel. Volg gerus die skakel om meer oor hierdie inisiatief te wete te kom.




## Koshuisdasse

Die koshuis se eerste dasseremonie het verlede week plaasgevind en koshuisleerders sal voortaan hulle koshuisdasse op Vrydae dra.



# OMGEE

## WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Menlo-ma's en –dogters het op 6 Maart aan die biddag vir vroue, 'n wêreldwye inisiatief, deelgeneem deur die vroue en kinders van Nigerië in gebed aan die Here op te dra. Die skool bedank die Menlo-ma's wat bid vir hulle reëlings asook die Parkies wat die byeenkoms met sang gelei het.














# AKADEMIE

## 2026-AQUALIBRIUMWENNERS IS PARKIES

George van der Westhuizen, Christopher Niemann en Louis Erasmus is verlede naweek as 2026 se aqualibriumkampioene gekroon. Die opdrag aan deelnemers aan die kompetisie, wat deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Siviele Ingenieurs (SAICE) aangebied is, was soos volg: Ontwerp en bou ’n modelpypnetwerk om water gelyk tussen drie punte te versprei.

Die drie matriekmanne het maalvleis van hierdie uitdaging gemaak deur dit perfek uit te voer. Luka Smit, Skye Smit en Danielle van Deventer en Zelia Küsel, Ethan van Dijk en Janke Breytenbach het verder getoon dat daar talle aspirantingenieurs op Menlo-bodem is deur gesamentlik in die tweede plek te eindig.




# MUSIEK



## UITSLAG

| | | | |
|---|---|---|---|
| Anabelle McIntyre | Unisa-musiekteorie | Graad 2 | 90% |

# LEIERSKAP

## GRAAD 8-PARKIERAAD AANGEKONDIG

**SEUNS:** Luke Riekert, Ziaan Rostoll, SJ Müller, Wian Botes, Pieter Coetzer, Burger Duvenage, Jak Snyman, Ruben de Graaf, Bernard Theron, Jan du Toit, Christiaan Knoetze, Tiaan Jansen, MW Pretorius & Henk Jansen van Rensburg.

**DOGTERS:** Andria Venter, Gianna van Eck, Zoë Eysele, Anabelle Beetge, Emke Pieterse, Linmari Kirkpatrick, Elzette Beetge, Genevieve Vorster, Leia Mentz, Adeleen van Rensburg, Mignon Meyer, Kara van der Merwe, Jana de Kock & Chloé-Anne Jordaan.



# BERGFIETS

## KAPTEINS AANGEWYS

Baie geluk aan Ruben Meyer en Caitlin Read wat as 2026 se bergfietskapteins aangewys is.

Die bergfietsryers se proewe vir die NWU-reeks is afgehandel en die spanne sal binnekort bekendgemaak word.





# ATLETIEK








## UITSLAG: AGN-KAMPIOENSKAP

**GOUEMEDALJEWENNERS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Llewellyn van Heerden | O. 18 | 200 m | 21.10 s |
| Linmari Kirkpatrick | O. 16 | 400 m | 56.26 s |
| Nathan Atkins | O. 16 | 400 m | 49.68 s |
| Llewellyn van Heerden | O. 18 | 400 m | 46.83 s |
| Tommie Cronje | O. 16 | 1 500 m-hindernis | 04.28.65 min |
| Zanta Lourens | O. 18 | 2 000 m-hindernis | 07.04.60 min |
| Linmari Kirkpatrick | O. 16 | 300 m-hekkies | 42.78 s |
| Megan Nieman | O. 18 | 400 m-hekkies | 57.10 s |
| Taelyn Smith | O. 20 | Hoogspring | 2. 10 m |
| Ivanke Hanekom | O. 16 | Gewigstoot | 13.40 m |
| Jaco van Dyk | O. 20 | Gewigstoot | 18.58 m |
| Roline du Plessis | O. 16 | Diskus | 40.80 m |
| Shiloh Snijders | O. 18 | Diskus | 44.60 m |
| Joshua Gerber | O. 20 | Diskus | 57.38 m |
| Chris Swanepoel | O. 20 | Hamergooi | 61.25 m |
| Anri Bisschoff | O. 18 | Vyfkamp | |

**SILWERMEDALJEWENNERS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Emma-Lee vd Westhuizen | O. 18 | 100 m | 12.22 s |
| Michael Shanzi | O. 18 | 400 m | 47.15 s |
| Leon Stoltz | O. 20 | 3000 m-hindernis | 9.24.00 min |
| Lindsay Heyns | O. 16 | 90 m-hekkies | 13.01 s |
| Janelle Kirkpatrick | O. 18 | 100 m-hekkies | 13.18 s |
| Jordan Roos | O. 16 | Hoogspring | 1.85 m |
| Roelof Liebenberg | O. 16 | Driesprong | 11.22 m |
| Melandi Bosman | O. 18 | Driesprong | 10.99 m |
| Roline du Plessis | O. 16 | Gewigstoot | 13.18 m |
| Daniella Fourie | O. 18 | Diskus | 40.40 m |
| Amelie Bodenstein | O. 18 | Spiesgooi | 44.68 m |
| Callum Wessels | O. 18 | Tienamp | |
| Jean de Villiers | O. 16 | Vyfkamp | |

**BRONSMEDALJEWENNERS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Michael Shanzi | O. 18 | 200 m | 21.12 s |
| Ané Pretorius | O. 18 | 400 m | 54.73 s |
| Leon Stoltz | O. 20 | 5 000 m | 15.39.56 min |
| Leo Wybenga | O. 16 | 1 500 m-hindernis | 4.46.45 min |
| Sunelle Burger | O. 16 | 90 m-hekkies | 13.08 s |
| Megan Nieman | O. 18 | 100 m-hekkies | 13.22 s |
| Luan Visser | O. 18 | 110 m-hekkies | 14.01 s |
| Milané Moolman | O. 16 | 300 m-hekkies | 43.88 s |
| Janelle Kirkpatrick | O. 18 | 400 m-hekkies | 58.35 s |
| Jenni Greyling | O. 16 | Hoogspring | 1.50 m |
| Roelof Liebenberg | O. 16 | Hoogspring | 1.80 m |
| Ivanke Hanekom | O. 16 | Diskus | 38.70 m |

# PARKIES OP PAD NA ASA SE SA KAMPIOENSKAP

Genelle Roode, Milané Moolman, Linmari Kirkpatrick, Rochelle Pitzer, Lara de Klerk, Jenni Greyling, Lara Steyn, Sunelle Burger, Lindsay Heyns, Abbi Prinsloo, Nimé Mulder, Ivanke Hanekom, Roline du Plessis, Emma-Lee van der Westhuizen, Anneke Steynberg, Clara-belle Haasbroek, Isabella van der Merwe, Ruvé van der Ende, Ané Pretorius, Liné de Villiers, Annerike Heyneke, Anri Bisschoff, Amelie Bodenstein, Minke Kruger, Melandi Bosman, Megan Nieman, Janelle Kirkpatrick, Daniella Fourie, Shiloh Snijders, Teneal Craven, Izel de Beer, Kaitlyn van Rooyen, Jané Sieberhagen, Karla Bouwer, Zanta Lourens, Tommie Cronje, Leo Wybenga, Jordan Roos, Jean de Villiers, Michael Shanzi, Llewellyn van Heerden, Wynand Kruger, Callum Wessels, Basie Kromhout, Ruan Nieman, Luan Visser, Leon Stoltz, Joshua Gerber, Erik Senekal, Chris Swanepoel, Taelyn Smith, Lucan Kotzee & Jaco van Dyk.

Baie geluk aan die atlete en afrigters — dit is voorwaar 'n puik prestasie!









# WINTERSPORT




## UITSLAE

Tellings is op die skool se splinternuwe uitslae-toep (skakel hiernaas) beskikbaar.

### RUGBY

**Menlo vs. Hoërskool Eldoraigne (NWU-reeks)**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 11 |
| Wedstryde gewen | 11 |

**Menlo vs. Hoërskool Sutherland**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 6 |
| Wedstryde gewen | 5 |

**Menlo vs. Hoërskool Ben Vorster (NWU-reeks)**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 10 |
| Wedstryde gewen | 9 |

**Menlo vs. Hoërskool Erasmus**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 8 |
| Wedstryde gewen | 4 |

### NETBAL

**Menlo vs. Hoërskool Eldoraigne (NWU-reeks)**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 10 |
| Wedstryde gewen | 9 |
| Gelykop | 1 |

**Menlo vs. Hoërskool Ben Vorster (NWU-reeks)**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 9 |
| Wedstryde gewen | 9 |

### HOKKIE

**Menlo vs. Hoërskool Eldoraigne (NWU-reeks)**

**Dogters**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 11 |
| Wedstryde gewen | 10 |
| Gelykop | 1 |

**Seuns**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 6 |
| Wedstryde gewen | 5 |

**Menlo vs. Hoërskool Ben Vorster (NWU-reeks)**


**Dogters**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 8 |
| Wedstryde gewen | 8 |

**Seuns**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 3 |
| Wedstryde gewen | 3 |

# BELANGRIKE GEBEURE







**Registreer asseblief hier**

# PARKIE-ENTREPRENEURS

## Is jy 'n Parkie-entrepreneur?

Die Insig wil jou graag help om bewustheid van jou produk en onderneming te skep.


STUUR ASSEBLIEF 'N A6-ADVERTENSIE (AS 'N JPEG OF PNG) NA ANLIE.DICKS@MENLOPARK.CO.ZA.

### MASTER BBQ

Charcoal: 4 kg / R40
Firelighters: R20 / pakkie

Rousseau 065 742 7285

Aflewering binne 6 km van Hoërskool Menlopark
Ek werk vir my koortoer!







### Libby's Cookies

063 589 5019

Flavours:

- Chocolate Chip Cookies
- White Chocolate & Toffee Cookies

*Mix & match your flavours as you like!*



Single cookie - R14
Boxes of 4 cookies - R55
Boxes of 6 cookies - R80
Boxes of 10 cookies - R120

Collection is at school
WhatsApp
063 589 5019

# MARKPLEIN

**WIL U IN DIE MENLO-INSIG ADVERTEER?**

Stuur 'n e-pos na

insig@menlopark.co.za

**Beskikbare opsies**

Handelsnaamadvertensies

Geborgde inhoud

Borg 'n Insig










canyoncafé
RY
WÊRELDKLAS
Nou oop in Menlo Park
Ontdek die volledige Canyon-ervaring by ons winkel in Menlo Park, Pretoria. As die amptelike verspreider vir Canyon Bicycles, bied ons wêreldklas pad-, grondpad- en bergfietse, top-gehalte bykomstighede en kundige diens vir fietsryers wat net met die beste tevrede is.
Maar kwaliteit eindig nie by ons fietse nie. Ons winkel beskik oor in-huis professionele massering en chiropraktiese sorg, spesiaal gefokus op fietsryers. Of jy herstel ná 'n harde rit, beserings wil voorkom, of jou liggaam fyn wil instel vir topprestasie — alles is onder een dak beskikbaar.
Ry harder. Herstel slimmer. Ervaar wêreldklas fietse en herstel hier in Menlo Park, Pretoria.
canyoncafē
Menlo
"Kom kyk gerus, jy sal nie spyt wees nie"
Adres: Nr 30, 26ste Straat, Menlo Park, Pretoria
Kontak: 084 290 3761 or 082 898 8667
Web: www.canyoncafe.co.za


LIG-LAG-LEKKER
MARKIEDAG
#Damesoggend2026
SATERDAG, 21 MAART 2026
08:30 - 13:30
(Sien verloop van oggend)
by Laerskool Lynnwood
Laerskool Lynnwood
Hier volg alles wat jy moet weet


Scan the QRCODE above to join the whatsapp group
UNLIMITED PRAYER FRONTIERS
INTERSCHOOL
DAD'S
PRAYER
INITIATIVE
HOSTED BY;
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK'S DADS PRAYER GROUP
LEON COETZEE
THURSDAY, 19 MARCH 2026.
TIME: 18:00 - 20:30
PLACE: DIE HOËRSKOOL MENLOPARK CLUB HOUSE
WHO ARE INVITED: ALL DADS FROM ALL SCHOOLS IN THE EAST OF PRETORIA
Join Leon Coetzee from Unlimited Prayer Frontiers for an evening of strategic prayer and intersession for our schools and their people.
Let's stand in Unity as a regional school community striving together for spiritual protection for our children.


Die Hoërskool Menlo Park Girls
Gel Pedicure
R160
Two girls • One price
Open weekdays at 7 AM - 5 PM
Saturdays 7 Am-14 PM
Book Now
Arctic Moss 0648508709 •
732 Jacqueline Drive Garsfontein Pretoria




EXCELSA PETAMUS

MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK